


# WEEK 3

## Kerngedagte: Ek wil Jesus beter leer ken.

Week 3 van ons Volg reeks gaan oor om Jesus beter te leer ken en ook 'n dieper verhouding met Hom te hê. 'n Verhouding met Jesus, beteken om met Hom te praat en om vir Hom te leef met alles wat in jou is. Dit wil sê om Jesus te volg, met die begeerte om soos Hy te wees.

Daarom is ons teksvers vir die week: Matt 22:37 – "Jy moet die Here jou God, liefhê met jou hele hart, jou hele siel en met jou hele verstand". (NlV)

Verder kan ons Jesus leer ken as 'n vriend en van Hom leer, deur Sy Woord te bestudeer.

Mag julle hierdie week 'n dieper belewenis in julle geestelike groei hê. En ook beleef hoe Jesus deel is van elke oomblik in julle as gesin se lewens.

DOXA DEO KIDS MINISTRY

# FAMILIE TYD!

## Gesels saam:

Ons weet Jesus is hemel toe, en sit aan die regterhand van God die Vader, maar Hy leef ook in ons harte deur sy Gees. Die apostel Paulus het gesê: "Christus leef in my!" Ek en jy kan dit ook sê. Jesus het belowe dat Hy ons nooit sal verlaat nie.
Aangesien Jesus altyd by my is en my beste vriend wil wees, moet ek myself 'n paar vrae afvra:

**Vragies:**

- Hou Jesus daarvan as ek na 'n TV-program of film kyk met slegte goed daarin?
- Geniet Jesus dit om na musiek te luister wat vuiltaal in het?
- Kan Jesus gaan waar ek ookal gaan, kyk waarna ek kyk en luister waarna ek luister?

## Aktiwiteit: Vriendskap met Jesus resep en ete

1. **Vriendskap met Jesus resep:**
   Praat saam en skryf neer wat julle in die vriendskap met Jesus resep gaan sit.

Bv. – 2 Koppies vol Liefde

- 1 koppie vol vertroue
- 7 eetlepels vol Bybel lees
- 7 eetlepels vol Gebed
- 3 teelepels vol ekstra tyd
- 1 teelepel vol pret.

2. **Vrienskap met Jesus ete:**
   Maak sop saam en benoem elke bestandeel wat insit
   Bv. Water vir ewige vriendskap, Wortels vir liefde, uie vir vertroue, ens. Of maak ‘n vrugteslaai en benoem elke vrug met roomys as ewige vriendskap, Appels of aarbeie vir liefde ens.

## Familie Gebedstyd:

Liewe Here Jesus, vandag is ons baie dankbaar vir die gawe van vriendskap - veral met u. Daar is geen meer getroue vriend soos U nie. Alles wat U het, het U ons s'n gemaak. Mag ons mekaar altyd 'herinner aan die kosbare vriendskap wat ons net in U het. Dankie Jesus vir U liefde en dat U altyd daar is vir ons. Ons is baie lief vir U. Amen